

BUI TENG EW ONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE



EXTRA ORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Maandag, 24 Junie 1957.

WINDHOEK

Monday, 24th June, 1957.

No. 2092.

I N H O U D.

C O N T E N T S.

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
GOEWERMENSKENNISGEWING—		GOVERNMENT NOTICE—	
No. 157. Ordonnansies 1957: Uitvaarding van	647	No. 157. Ordinances, 1957: Promulgation of	647

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,

Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,

Acting Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 157.] [24 Junie 1957.

No. 157.] [24th June, 1957.

ORDONNANSIES, 1957: UITVAARDIGING VAN.

ORDINANCES, 1957: PROMULGATION OF.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitusie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	Titel.	Bladsy.
No. 32.	Wysigingsordonnansie op Finansiële en Ouditering 1957	648
No. 33.	Wysigingsordonnansie op Seëlregte 1957	648
No. 34.	Wysigingsordonnansie op Pensioene van Onderwysers 1957	649
No. 35.	Ordonnansie op die Beheer van Gedroogde Erte 1957	649
No. 36.	Ordonnansie op die Beheer van Kafferbier in Plattelandse Gebiede 1957	650
No. 37.	Verdere Waterwysigingsordonnansie 1957	652
No. 38.	Wysigingsordonnansie op Reisvoorregte vir Administrasiewerknemers, 1957	653
No. 39.	Verdere Wysigingsordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1957	654
No. 40.	Konsolidasiewysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1957	655
No. 41.	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1957	657
No. 42.	Ordonnansie op die Beheer van Graan en Graanprodukte 1957	658
No. 43.	Wysigingsordonnansie op die Proklamasie op die Beskerming van die Diamantnywerheid 1957	660
No. 44.	Verdere Wysigingsordonnansie op Dranklisensies 1957	662
No. 45.	Wysigingsordonnansie op die Bevordering van Boerderybelange 1957	664
No. 46.	Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid 1957	664
No. 47.	Wysigingsordonnansie op die Kontrole van die Uitvoer van Volstruisvelle 1957	665

No.	Title.	Page.
No. 32.	Finance and Audit Amendment Ordinance, 1957	648
No. 33.	Stamp Duties and Fees Amendment Ordinance, 1957	648
No. 34.	Teachers Pensions Amendment Ordinance, 1957	649
No. 35.	Dried Peas Control Ordinance, 1957	649
No. 36.	Kaffir Beer (Rural Areas) Control Ordinance, 1957	650
No. 37.	Water Further Amendment Ordinance, 1957	652
No. 38.	Administration Employees Travelling Privileges Amendment Ordinance, 1957	653
No. 39.	Shop Hours and Shop Assistants Amendment Ordinance, 1957	654
No. 40.	Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1957	655
No. 41.	Roads Amendment Ordinance, 1957	657
No. 42.	Control of Grain and Grain Products Ordinance, 1957	658
No. 43.	Diamond Industry Protection Proclamation Amendment Ordinance, 1957	660
No. 44.	Liquor Licensing Further Amendment Ordinance, 1957	662
No. 45.	Promotion of Farming Interests Amendment Ordinance, 1957	664
No. 46.	Dairy Industry Control Amendment Ordinance, 1957	664
No. 47.	Ostrich Skins Export Control Amendment Ordinance, 1957	665

No. 32 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op die ontvangs, bewaring en uitgifte van staatsgelde.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Sub-artikel (6) van artikel *elf* van die „Finansie en Ouditeer Ordonnansie, 1926” (Ordonnansie 1 van 1926) soos vervang by artikel *een* van die „Finansie en Ouditeer Ordonnansie Wysigingsordonnansie, 1928” (Ordonnansie 8 van 1928) en soos gewysig by artikel *een* van die Wysigingsordonnansie op Finansie en Ouditering 1952 (Ordonnansie 17 van 1952) word hierby gewysig deur die woord „handelsbanke” te vervang deur die woorde „banke of bankinrigtings wat in die Unie of Suidwes-Afrika as sodanig geregistreer is”.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Finansie en Ouditering 1957.

No. 33 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op seëlregte.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie dui die uitdrukking „die hoofwet” op „De Zegelwet 1911” (Wet 30 van 1911) soos gewysig by „De Zegelwet Wijsigingswet 1913” (Wet 31 van 1913) en „De Wet tot verdere Wijsiging van die Zegelwet 1921” (Wet 31 van 1921) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, en soos op hierdie Gebied toegepas en ten opsigte van sodanige toepassing gewysig by Proklamasie van die Militêre Goewerneur van die Gebied gedateer die twintigste dag van September 1915 (Proklamasie 13 van 1915), Proklamasie van die Administrateur gedateer die sesde dag van September 1921 (Proklamasie 43 van 1921), en wysigings soos van tyd tot tyd aangebring.

2. Item 16 van die tweede bylae van die hoofwet, soos van tyd tot tyd gewysig, word hierby gewysig deur die skraping van die verdere voorbehoud daarvan en deur die byvoeging daartoe van die onderstaande vrystellings:

„Vrystellings:

- (a) Enige sertifikaat of oordragakte ten opsigte van die aandele van 'n maatskappy wat in die Unie van Suid-Afrika gestig is;
- (b) Enige registrasie van oordrag van die effekte, sertifikaat, geregtigheidsbewys of ander dergelike instrument wat gehou word deur 'n trust geskep by testament of notariële akte, as so 'n oordrag geïmpeerd word deur 'n verandering van eksekuteurs of trustees en geen vergoeding ten opsigte daarvan geskied nie”.

No. 32 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the receipt, custody and issue of public moneys.

(Assented to 13th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Sub-section (6) of section *eleven* of the Finance and Audit Ordinance, 1926 (Ordinance 1 of 1926), as substituted by section *one* of the Finance and Audit Ordinance Amendment Ordinance 1928 (Ordinance 8 of 1928), as amended by section *one* of the Finance and Audit Amendment Ordinance, 1952 (Ordinance 17 of 1952), is hereby amended by the substitution of the words „banks or banking institutions registered as such in the Union or in South West Africa” for the words „commercial banks”.

2. This Ordinance shall be called the Finance and Audit Amendment Ordinance, 1957.

No. 33 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the law relating to Stamp Duties and Fees.

(Assented to 13th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance, the expression “the principal law” means the Stamp Duties and Fees Act, 1911 (Act 30 of 1911), as amended by the Stamp Duties and Fees Amendment Act, 1913 (Act 31 of 1913), and the Stamp Duties and Fees Further Amendment Act, 1921 (Act 31 of 1921) of the Parliament of the Union of South Africa, and as applied to this Territory and modified in respect of such application by Proclamation of the Military Governor of the Territory dated the twentieth day of September, 1915 (Proclamation 13 of 1915), Proclamation of the Administrator dated the sixth day of September, 1921 (Proclamation 43 of 1921), and as amended from time to time.

2. Item 16 of the Second Schedule to the principal law, as amended from time to time, is hereby amended by the deletion of the further proviso thereto and by the addition thereto of the following exemptions:

“Exemptions:

- (a) Any certificate or transfer deed in respect of the shares of any company incorporated in the Union of South Africa;
- (b) Any registration of transfer of the scrip, certificate, warrant or other like instrument held by a trust created by will or notarial deed, if such transfer is necessitated by a change of executors or trustees and no consideration is given in respect thereof”.

3. Item 21 van die tweede bylae van die hoofwet soos van tyd tot tyd gewysig, word hierby gewysig deur die byvoeging van die onderstaande vrystelling na vrystelling (j):

„(k) Kwitansie verstrekk deur enige godsdienstige, liefdadige of opvoedkundige inrigting van 'n openbare aard.”

4. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Seëlregte 1957.

No. 34 van 1957.]

ORDONNANSIE

Om die wet betreffende pensioene van onderwysers te wysig.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel drie van die Proklamasie betreffende Pensioene van Onderwysers 1931 (Proklamasie 39 van 1931) word hierby gewysig deur die invoeging van die onderstaande sub-artikel na sub-artikel (5):—

„(6) Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie proklamasie kan onderwysers wat by aanstelling in die vaste personeel nie gekies het om ten opsigte van vorige ondervinding tot die pensioenfonds by te dra nie, of wat by die inwerkingtreding van hierdie proklamasie nie so gekies het nie, ingevolge hierdie proklamasie ten opsigte van sodanige vorige ondervinding bydra: Met dien verstande dat die keuse om aldus by te dra uiterlik op 31 Desember 1957 uitgeoefen moet word”.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Pensioene van Onderwysers 1957 en word beskou as reeds in werking vanaf die eerste dag van April 1931.

No. 35 van 1957.]

ORDONNANSIE

Om gedroogde erte dwarsdeur die Gebied te beheer.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. (1) In hierdie Ordonnansie, tensy die samehang 'n ander bedoeling aandui, beteken:—

„gedroogde erte” die droë of gedroogde saad van enige van die verskeie peulplante wat algemeen erte heet, en dit sluit in gesplete, gebreekte of gemaalde gedroogde erte, of gedroogde erte in enige ander vorm;

„naturel” enigiemand buiten 'n blanke.

(2) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* die woordbepaling van gedroogde erte uitbrei om die droë of gedroogde saad van enige ander peulplant in te sluit.

2. Geen gedroogde erte mag aan enige naturel verkoop, afgelewer, gegee of andersins verskaf word nie, en geen sodanige naturel mag gedroogde erte ontvang of in sy besit hê nie, buiten —

3. Item 21 of the Second Schedule to the principal law, as amended from time to time, is hereby amended by the addition of the following exemption after exemption (j):

„(k) Receipt given by any ecclesiastical, charitable or educational institution of a public nature.”

4. This Ordinance shall be called the Stamp Duties and Fees Amendment Ordinance 1957.

No. 34 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the law relating to teachers' pensions.

(Assented to 13th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Section three of the Teachers' Pensions Proclamation, 1931, (Proclamation 39 of 1931) is hereby amended by the insertion of the following sub-section after sub-section (5):—

“(6) Notwithstanding anything to the contrary in this Proclamation contained, teachers who upon their appointment to the permanent staff did not elect to contribute to the pension fund in respect of past experience or who at the commencement of this Proclamation did not elect so to do, may in terms of this Proclamation elect to contribute to the pension fund in respect of such past experience, provided that such choice is exercised on or before the 31st December, 1957”.

2. This Ordinance shall be called the Teachers' Pensions Amendment Ordinance, 1957, and shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1931.

No. 35 of 1957.]

ORDINANCE

To control dried peas throughout the Territory.

(Assented to 13th June, 1957.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. (1) In this Ordinance unless the context otherwise indicates:—

“dried peas” mean the dry or dried seed of any of the various leguminous plants commonly known as peas, and includes split, crushed or ground dried peas or dried peas in any other form;

“Native” means any person other than a European.

(2) The Administrator may from time to time by notice in the *Official Gazette* extend the definition of dried peas to the dry or dried seed of any other legume.

2. Dried peas shall not be sold, delivered, given or otherwise supplied to any native, and no such native shall receive or have in his possession any dried peas, save

- (a) te goeder trou, vir geneeskundige doeleindes op grond van 'n voorskrif van 'n behoorlik gekwalifiseerde geneesheer; of
- (b) ter aflewering aan blankes kragtens 'n permit van die magistraat van die distrik, onderhewig aan sodanige voorwaardes soos die Administrateur by regulasie voorskryf; of
- (c) te goeder trou, vir groentekweek of landboukundige doeleindes kragtens 'n vrystellingsbrief van die magistraat van die distrik onderhewig aan sodanige voorwaardes soos die Administrateur by regulasie voorskryf:

Met dien verstande steeds dat die Administrateur na eie goeddunke, te eniger tyd enige voorskrif, permit of vrystellingsbrief kan intrek.

3. Elke naturel wat gedroogde erte strydig met die bepalinge van hierdie Ordonnansie ontvang of in sy besit het, is skuldig aan 'n oortreding.

4. Elkeen wat gedroogde erte strydig met die bepalinge van hierdie Ordonnansie aan 'n naturel verkoop, aflewer, gee of andersins verskaf, is skuldig aan 'n oortreding.

5. As daar by 'n aanklag ingevolge hierdie Ordonnansie of die regulasies daaringevolge beweer word dat enige artikel, ding, of stof gedroogde erte is of was, is getuienis dat so 'n artikel, ding of stof die voorkoms van gedroogde erte het of gehad het, bewys *prima facie* dat die artikel, ding of stof wel gedroogde erte is of was.

6. (1) Die Administrateur kan regulasies uitvaardig wat bestaanbaar is met die bepalinge van hierdie Ordonnansie, vir of ten opsigte van een of elk van die onderstaande sake:—

- (a) die reëling van, en beperking op, die invoer, aanhou, verkoop, verskaffing of gebruik van gedroogde erte;
- (b) die hou van registers of ander aantekeninge van verkope van gedroogde erte, en die vorm en wyse waarin en waarop die registers of aantekeninge gehou moet word, en die besonderhede wat daarin ingeskryf moet word;
- (c) die beperking op die hoeveelheid gedroogde erte wat verkoop kan word;
- (d) die voorwaardes waarop permitte of vrystellingsbriewe vir die verkoop of besit van gedroogde erte toegestaan kan word:

Met dien verstande egter dat enige regulasies wat ingevolge hierdie artikel uitgevaardig word, van streek tot streek kan verskil.

(2) Die Administrateur kan strawwe voorskryf vir die oortreding van enige regulasies wat ingevolge hierdie artikel uitgevaardig word, of vir 'n versuim om die regulasies na te kom, maar geen sodanige strawwe mag dié genoem in artikel *sewe* oorskryf nie.

7. Elkeen wat enige bepaling van hierdie Ordonnansie of van enige van die regulasies waarby daar geen straf uitdruklik voorgeskryf word nie, oortree, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd pond (£100), of met gevangenis vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenis.

8. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Beheer van Gedroogde Erte 1957.

No. 36 van 1957.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die brou van kafferbier deur naturelle op grond buite 'n stedelike gebied.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

1. In hierdie Ordonnansie, tensy die samehang 'n ander bedoeling aandui, beteken—

- (a) for *bona fide* therapeutic purposes upon a prescription of a duly qualified medical practitioner; or
- (b) for the purposes of delivery to Europeans by permit of the Magistrate of the district, subject to such conditions as may be prescribed by the Administrator by regulation; or
- (c) for *bona fide* vegetable gardening or agricultural purposes by a letter of exemption from the Magistrate of the district subject to such conditions as may be prescribed by the Administrator by regulation.

Provided always that the Administrator may in his discretion at any time cancel any prescription, permit or letter of exemption.

3. Any native, who contrary to the provisions of this Ordinance, receives or has in his possession dried peas shall be guilty of an offence.

4. Any person, who contrary to the provisions of this Ordinance, sells, delivers, gives or otherwise supplies dried peas to any native shall be guilty of an offence.

5. If in any charge under this Ordinance or the regulations made thereunder it is alleged that any article, thing or substance was or is dried peas, evidence that such article, thing or substance had or has the appearance of dried peas shall be *prima facie* proof that such article, thing or substance was or is dried peas.

6. (1) The Administrator may make regulations, not inconsistent with the provisions of this Ordinance, for or in respect of all or any of the following matters:—

- (a) the regulation and restriction of the importation, keeping, sale, supply or use of dried peas;
- (b) the keeping of registers and other records of sales of dried peas, and the form and manner of keeping such registers or records and the particulars to be entered therein;
- (c) the restriction of the quantity of dried peas which may be sold;
- (d) the conditions under which permits or letters of exemption for the sale or possession of dried peas may be granted;

Provided, however, that any regulations made in terms of this section may differ in respect of different areas.

(2) The Administrator may prescribe penalties for the contravention of any regulations made under this section or for a failure to comply therewith but no such penalties shall exceed those mentioned in section *seven*.

7. Any person who contravenes any of the provisions of this Ordinance or of any of the regulations for which no penalty has been expressly provided shall upon conviction be liable to a fine not exceeding one hundred pounds (£100) or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

8. This Ordinance shall be called the Dried Peas Control Ordinance, 1957.

No. 36 of 1957.]

ORDINANCE

To provide for the brewing of Kaffir beer by natives on land outside an urban area.

(Assented to 13th June, 1957.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance unless inconsistent with the context —

„naturel” enigiemand buiten 'n blanke;

„kafferbier” die drank wat natuurlike gewoonlik brou van kafferkoring of giers of ander graan en wat per gewig hoogstens 3% alkohol bevat;

„eienaar” met betrekking tot grond, die geregistreerde eienaar van sodanige grond, of die koper te goeder trou van sodanige grond voor die registrasie van die transportakte op sy naam of die wettige erfgenaam van die eienaar by sy dood, of, waar die grond onder vruggebruik staan, die vruggebruiker daarvan;

„bewoner” 'n huurder van grond, wat sodanige grond werklik bewoon ingevolge 'n skriftelike ooreenkoms met die eienaar daarvan, of enigiemand wat weidingsregte huur op grond wat aan die Administrasie behoort;

„stedelike gebied” 'n gebied onder die jurisdiksie van 'n munisipale raad of dorpsbestuurraad, en enige gebied wat die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* uitroep tot 'n stedelike gebied wat onderhewig is aan die bepalings van artikel *twee-en-twintig* van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 5 van 1951);

„plattelandse gebied” enige gebied buite die grense van 'n stedelike gebied.

2. Nieteenstaande andersluidende bepalings in enige ander wet, kan kafferbier met die skriftelike toestemming van die blanke eienaar of bewoner van grond wat buite 'n stedelike gebied geleë is, of, in die geval van kroongrond of grond buite sodanige gebied wat die Administrasie bewoon, en wat nie grond is wat kragtens enige wet 'n natuurlike-reservaat is, of hierna as sodanig opgegeef of verklaar kan word nie, dan met die skriftelike toestemming van die magistraat van die distrik, op sodanige grond gebrou word deur die natuurlikebewoner van enige huis of hut daarop in hoeveelhede wat hy en sy gesin, as hy 'n gesin het, redelikerwys nodig het en verbruik, en die hoeveelheid word op skrif bepaal deur die persoon wat die toestemming verleen.

3. (1) Elke naturel wat kafferbier buiten in die omstandighede wat artikel *twee* hom toelaat, in enige plattelandse gebied brou, vervaardig of in sy besit het, is skuldig aan 'n oortreding.

(2) Elke naturel wat in besit is van meer kafferbier as wat hy ingevolge die bepalings van artikel *twee* kan brou, is skuldig aan 'n oortreding.

(3) Elke naturel wat kafferbier verkoop, aflewer, gee of andersins verskaf aan enigiemand wat nie 'n lid van sy gesin is nie, is skuldig aan 'n oortreding.

(4) Elke naturel wat kafferbier vanaf enige grond, plaas of gebied waar hy ingevolge die bepalings van artikel *twee* toegelaat is om sodanige bier te brou, bring na enige ander grond, plaas of gebied, is skuldig aan 'n oortreding.

(5) Elke eienaar of bewoner wat toelaat dat kafferbier op enige grond, plaas of gebied, gebrou word in groter hoeveelhede as wat redelik nodig is ingevolge die bepalings van artikel *twee* is skuldig aan 'n oortreding.

4. Elkeen wat enige bepalings van hierdie Ordonnansie oortree, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd pond (£100) of met gevangenis vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en gevangenis.

5. As daar by 'n aanklag ingevolge hierdie Ordonnansie beweer word dat 'n vloeistof kafferbier is of was, is getuienis dat sodanige vloeistof die voorkoms van kafferbier het of gehad het, bewys *prima facie* dat dit wel kafferbier is of was.

6. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op die Beheer van Kafferbier in Plattelandse Gebiede 1957.

“native” means any person other than a European;

“kaffir beer” means the drink commonly brewed by natives from kaffir corn or millet or other grain and containing not more than 3% by weight of alcohol;

“owner” in relation to land means the registered owner of such land, or the *bona fide* purchaser of such land before registration of deed of transfer in his name, or the lawful heir of the owner at his death or if the land is subject to a usufruct the usufructuary thereof;

“occupier” means a lessee of land who is in actual occupation of such land under an agreement in writing with the owner thereof or any person hiring grazing rights on land owned by the Administration.

“urban area” means an area under the jurisdiction of any municipal council or village management board, and any area declared by the Administrator by notice in the *Official Gazette* to be an urban area in terms of the provisions of section *twenty-two* of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951, (Proclamation 5 of 1951);

“rural area” means any area outside the limits of an urban area.

2. Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, with the consent in writing of the European owner or occupier of land situate outside an urban area, or in the case of Crown Land or land occupied by the Administration outside any such area, and not being land which under any law has been or may hereafter be scheduled or declared to be a native reserve, with the consent in writing of the Magistrate of the district, kaffir beer may be brewed on such land by the native occupier of any house or hut thereon in such quantities as may reasonably be required and consumed by himself and his family, if any, and which shall be fixed in writing by the person giving the consent.

3. (1) Any native who brews, manufactures, or is in possession of kaffir beer in any rural area save in the circumstances permitted by section *two* shall be guilty of an offence.

(2) Any native who is in possession of a greater quantity of kaffir beer than he has been permitted to brew in terms of the provisions of section *two* shall be guilty of an offence.

(3) Any native who sells, delivers, gives or otherwise supplies kaffir beer to any person who is not a member of his family shall be guilty of an offence.

(4) Any native who introduces any kaffir beer from any land, farm or area where he in terms of the provisions of section *two* has been permitted to brew such beer to any other land, farm or area shall be guilty of an offence.

(5) Any owner or occupier who permits or consents to the brewing upon any land, farm or area of kaffir beer in quantity more than is reasonably required in terms of the provisions of section *two* shall be guilty of an offence.

4. Any person who contravenes any of the provisions of this Ordinance shall be liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds (£100), or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.

5. If in any charge under this Ordinance it is alleged that any liquid was or is kaffir beer, evidence that such liquid had or has the appearance of kaffir beer shall be *prima facie* proof that it was or is kaffir beer.

6. This Ordinance shall be called the Kaffir Beer (Rural Areas) Control Ordinance, 1957.

No. 37 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op die afleiding, bewaring en gebruik van water.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Goewerneur-generaal, dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkreeë, en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalinge van artikel *ses-en-twintig* van die „Zuidwest Afrika Konstitusie Wet 1925” soos gewysig by artikel *sestien* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. Die Waterordonnansie 1932 (Ordonnansie 13 van 1932) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur die invoeging van die onderstaande artikel na artikel *sewentien*:—

- „17 bis (1) (a) Nieteenstaande andersluidende bepalinge in hierdie Ordonnansie of in enige ander wet kan die Administrateur uit gelde wat die Wetgewende Vergadering daarvoor bewillig, enige werke in, of in die omgewing van 'n waterloop bou, beheer, uitbrei, verander, in stand hou of herstel, en kan hy boorgate en putte slaan, water uit ondergrondse bronne haal, die aldus verkreeë water bewaar, en kan hy die aldus verkreeë water teen betaling of daarsonder aan 'n plaaslike bestuur of persoon verskaf of lewer vir gebruik met watter doel ook al.
- (b) Die Administrateur kan van tyd tot tyd regulasies uitvaardig oor die sake wat paragraaf (a) noem, asook regulasies wat geldtariewe bepaal.
- (2) Ter uitvoering van enige bevoegdheid wat sub-artikel (1) noem, kan die Administrateur, as hy dit in die openbare belang ag, na oorleg met die Raad enige grond of bestaande werke teen skadevergoeding ont-eien.
- (3) Geskille oor die vergoedingsbedrag wat vir sodanige onteiene grond of werke betaal moet word, word deur arbitrasie besleg”.

2. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging van die onderstaande artikel na artikel *negentien*:—

- „19bis. (1) Geen hofsak mag aanhangig gemaak of gevoer word, en geen geregtelike stappe mag in enige geregshof ingestel word teen —
- (a) die Administrateur, die Administrasie, die Departement of enige amptenaar van die Administrasie vir, of weens, of ten opsigte van enige regstreekse of onregstreekse skade of verlies wat veroorsaak word deur die bou, beheer, uitbreiding, verandering, instandhouding of herstel van enige werke deur die Administrasie of die Departement of enige amptenaar van die Administrasie nie;
- (b) die Administrateur, die Administrasie, die Departement of enige amptenaar van die Administrasie vir regstreekse of onregstreekse skade of verlies wat ontstaan uit die loslating van water wat die Administrasie bewaar of gekeer het nie, ongeag of die loslating veroorsaak is deurdat enige Administrasiewerke gebreek het of nie”.

No. 37 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the diversion, storage and use of water.

(Assented to 13th June, 1957.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Parliament of the Union of South Africa as follows:—

1. The Water Ordinance, 1932 (Ordinance 13 of 1932), hereinafter called the principal Ordinance, is hereby amended by the insertion of the following section after section *seventeen*:—

- “17 bis (1) (a) Notwithstanding anything to the contrary in this Ordinance or any other law contained, the Administrator may, out of monies provided by the Legislative Assembly for the purpose, construct, control, extend, alter, maintain or repair any works in or in the vicinity of a water course, and may sink boreholes and wells, obtain supplies of water from underground sources, conserve water so obtained, and may supply or deliver any water so obtained to any local authority or person for use for any purpose without payment or upon payment of charges.
- (b) The Administrator may make regulations from time to time as to the matters referred to in paragraph (a), including regulations fixing scales of charges.
- (2) For the purpose of carrying out any of the powers mentioned in sub-section (1), the Administrator may, after consultation with the Board and if he deems it in the public interest and subject to compensation, appropriate any land or existing works.
- (3) Any disagreement regarding the amount of compensation to be paid for such expropriated land or works, shall be settled by arbitration”.

2. The principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the following section after section *nineteen*:—

- “19bis. (1) No action shall lie against or be maintainable against and no proceedings shall be instituted in any court of law against:—
- (a) the Administrator, the Administration, the Department or any officer of the Administration for or on account of or in respect of any damage or loss, direct or indirect, caused by the construction, control, extension, alteration, maintenance or repair of any works by the Administration or the Department or any officer of the Administration;
- (b) the Administrator, the Administration, the Department or any officer of the Administration for any damage or loss, direct or indirect, arising from the release of any water stored or obstructed by the Administration, whether such release was caused by the breaking of any works of the Administration or not”.

(2) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie moet die Administrateur uit geld wat die Wetgewende Vergadering daartoe bewillig, aan diegene wat regstreekse skade of verlies gely het weens die uitoefening van enige van die bevoegdhede genoem in artikel *seventien bis* die geldbedrae betaal wat hy in sy diskresie behoorlik ag. Die Administrateur mag enige stappe doen wat hy nodig ag om die bogenoemde diskresie uit te oefen, insluitende die uitvaardiging van regulasies en die instelling van 'n komitee bestaande uit 'n regter van die Hoë Hof van Suidwes-Afrika en twee lede wat die Administrateur aanstel vir die verhoor van getuienis.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Verdere Waterwysigingsordonnansie 1957.

No. 38 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op reisvoorregte vir werknemers van die Administrasie.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *een* van die Ordonnansie op reisvoorregte vir Werknemers van die Administrasie 1944 (Ordonnansie 3 van 1944), hierna die hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig:—

- (a) deur die woordbepaling van „werknemer” deur die volgende woordbepaling te vervang:
„Werknemer” ’n persoon in diens van die Administrasie soos by artikel *een* van die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 omskryf;
- (b) deur die woordbepaling van „Regeringswerknemersondersteuningsfonds” te skrap en die volgende woordbepaling in die plek daarvan in te voeg:—
„„Geklassifiseerde pos” ’n pos wat ingevolge subartikel (a) van artikel *drie* van die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 by regulasie as ’n geklassifiseerde pos bepaal is.’

2. Artikel *twee* van die hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

„2. Een maal elke kalenderjaar kan die onderstaande toegeken word:—

- (a) ’n eerste klas retoer spoorwegorder gratis aan elke blanke werknemer in ’n geklassifiseerde pos wat hom, sy eggenote en afhanklikes in staat stel om van die naaste spoorwegstasie aan sy hoofkwartier na ’n spoorwegstasie in die Gebied of op die spoorlyn tussen die grens van die Gebied en De Aarstasie in die Unie van Suid-Afrika te reis;
- (b) ’n tweedeklas retoer spoorwegorder gratis aan elke blanke werknemer in ’n nie-geklassifiseerde pos wat hom, sy eggenote en afhanklikes in staat stel om van die naaste spoorwegstasie aan sy hoofkwartier na ’n spoorwegstasie in die Gebied of op die spoorlyn tussen die grens van die Gebied en De Aarstasie in die Unie van Suid-Afrika te reis;
- (c) ’n tweedeklas gereserveerde retoer spoorwegorder gratis aan elke nie-blanke stafverpleegster wat haar en haar afhanklikes in staat stel om van die naaste spoorwegstasie aan haar hoofkwartier na ’n spoorwegstasie in die Gebied of op die spoorlyn tussen die grens van die Gebied en De Aarstasie in die Unie van Suid-Afrika te reis;

(2) Notwithstanding anything to the contrary in this Ordinance contained the Administrator out of monies provided by the Legislative Assembly for the purpose, shall pay to persons who have suffered direct damage or loss through the exercise of any of the powers mentioned in section *seventeen bis*, such sums of money as he may, in his discretion, deem proper. The Administrator may take any steps, including the making of regulations and the constitution of a committee consisting of a Judge of the High Court of South West Africa and two members appointed by the Administrator for the hearing of any evidence, as he may deem necessary to enable him to exercise his abovementioned discretion.

3. This Ordinance shall be called the Water Further Amendment Ordinance, 1957.

No. 38 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the law relating to travelling privileges for Administration employees.

(Assented to 13th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *one* of the Administration Employees' Travelling Privileges Ordinance, 1944 (Ordinance 3 of 1944), hereinafter called the principal Ordinance, is hereby amended —

- (a) by the substitution of the following definition for the definition of „Employee”: „Employee” means any person in the employment of the Administration as defined in section *one* of the Administration Employees Ordinance, 1957;
- (b) by the deletion of the definition of: „Government Employees' Provident Fund”, and the insertion in its stead of the following definition:—
„Classified post” means a post which, in terms of sub-section (a) of section *three* of the Administration Employees Ordinance, 1957, has by regulation been defined as a classified posts.’

2. The following section is hereby substituted for section *two* of the principal Ordinance:—

„2. Once in every calendar year the following may be granted:—

- (a) a free first class return rail warrant to every European employee in a classified post to enable him, his wife and dependants to travel from the railway station nearest to his headquarters to a railway station in the Territory or on the railway line between the border of the Territory and De Aar station in the Union of South Africa;
- (b) a free second class return rail warrant to every European employee in a non-classified post to enable him, his wife and dependants to travel from the railway station nearest to his headquarters to a railway station in the Territory or on the railway line between the border of the Territory and De Aar station in the Union of South Africa;
- (c) a free second class reserved return railway warrant to every non-European staff nurse to enable her and her dependants to travel from the railway station nearest to her headquarters to a railway station in the Territory or on the railway line between the border of the Territory and De Aar station in the Union of South Africa;

Met dien verstande dat sodanige spoorwegorder nie aan enige afhanklike toegestaan mag word nie tensy die Sekretaris oortuig is dat so 'n afhanklike geheel en al van hom of haar afhanklik is en by hom of haar in-woon:

Met dien verstande voorts dat geen spoorwegorder aan 'n tydelike blanke werknemer of sy eggenote of afhanklikes toegestaan mag word as so 'n werknemer nie minstens twee jaar ononderbroke diens by dié Administrasie voltooi het nie."

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Reisvoorregte vir Administrasiewerknemers, 1957.

No. 39 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *sestien* van die Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939 (Ordonnansie 15 van 1939) word hierby gewysig —

(a) deur sub-artikel (1) deur die onderstaande sub-artikel te vervang:—

„(1) (a) Behoudens die wette op die Staatsdiens kan die Administrateur enigiemand as 'n winkelinspekteur ingevolge hierdie Ordonnansie aanstel, en hy beklee sy amp solank dit die Administrateur behaag.

(b) Elk so 'n winkelinspekteur moet voorsien word van 'n sertifikaat onderteken deur 'n beampete daartoe aangewys deur die Administrateur en waarin verklaar word dat hy as winkelinspekteur aangestel is ingevolge hierdie Ordonnansie.

(c) Enige winkelinspekteur en enige lid van die polisiemag kan enige winkel te eniger tyd onder sake-ure betree om vas te stel of die bepalings van hierdie Ordonnansie nagekom word, en te dien einde kan hy enigiemand wat op die perseel is of was, in die teenwoordigheid van andere of alleen ondervra, en kan hy so iemand gelas om op staande voet of op 'n tyd of plek wat so 'n inspekteur of polisiebeampte, na gelang, bepaal, die registers wat die werkgewer ingevolge hierdie Ordonnansie moet hou, aan hom te toon, en hy kan sodanige registers ondersoek en uittreksels daaruit, en afskrifte daarvan, maak en hy kan 'n verduideliking van enige inskrywing in enige sodanige register gelas, en kan beslag lê op enige sodanige register wat syns insiens blyke gee van enige oortreding ingevolge hierdie Ordonnansie. Enige winkelinspekteur of polisiebeampte kan enige tolk of ander assistent met hom saamneem op of in sodanige perseel:

Met dien verstande dat 'n tolk by die toepassing van hierdie paragraaf, en terwyl hy kragtens die wettige, persoonlike opdrag van 'n winkelinspekteur of polisiebeampte, na gelang, optree, beskou moet word as 'n winkelinspekteur.

(d) Dit is die polisiemag se plig om enige winkelinspekteur by die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie Ordonnansie by te staan, en geen bepaling in hierdie arti-

Provided that such rail warrant shall not be granted to any dependant, unless the Secretary is satisfied that such dependant is wholly dependant upon and residing with him or her:

Provided further that no rail warrant shall be granted to a temporary European employee or his wife or dependants if such employee has not completed at least two years of continuous employment with the Administration."

3. This Ordinance shall be called the Administration Employees' Travelling Privileges Amendment Ordinance, 1957.

No. 39 of 1957.]

ORDINANCE

To provide for the amendment of the Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939.

(Assented to 13th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *sixteen* of the Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939 (Ordinance 15 of 1939), is hereby amended:—

(a) by the substitution of the following sub-section for sub-section (1):—

“(1) (a) Subject to the laws governing the public service, the Administrator may appoint any person as a Shop Inspector under this Ordinance and he shall hold office during the Administrator's pleasure.

(b) Every such Shop Inspector shall be furnished with a certificate signed by an officer thereto designated by the Administrator and stating that he has been appointed as a Shop Inspector under this Ordinance.

(c) Any Shop Inspector and any member of the police force may at any time during business hours enter any shop in order to ascertain whether the provisions of this Ordinance are being complied with, and for such purpose may question any person who is or has been upon or in the premises, in the presence or apart from others, and may require from any such person the production then and there, or at a time and place fixed by such Inspector or policeman as the case may be, of the registers required to be kept by the employer in terms of this Ordinance, and may examine and make extracts from and copies of such registers and may require an explanation of any entries in any such registers and may seize any such registers as in his opinion may afford evidence of any offence under this Ordinance. Any Shop Inspector or policeman may take with him into or onto any premises any interpreter or other assistant:

Provided that for the purposes of this paragraph any interpreter shall, while acting under lawful, personal direction of a Shop Inspector or policeman, as the case may be, be deemed to be a Shop Inspector.

(d) It shall be the duty of the police force to assist any Shop Inspector in carrying out his duties under this Ordinance and nothing in this section contained shall be

kel doen enigsins af aan die gewone soek- of inspeksiereg wat ingevolge die bepalings van enige ander wet aan 'n polisie-beampte verleen word nie.”;

(b) deur sub-artikel (3) te skrap.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Verdere Wysigings-ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1957.

No. 40 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie 13 van 1935) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur die vervanging van artikel *nege* deur die onderstaande artikel:

„Applikasies om handelslisensies word deur Lisensiehof oorweeg.

9. (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (1) van artikel *tien*, word 'n hof hierby ingestel — hierna heet dit „lisensiehof” —, vir die oorweging van applikasies om, of met betrekking tot, die toekenning van enige lisensie wat in deel 1 van die eerste bylae van hierdie Ordonnansie genoem word, en so 'n lisensiehof hou in, en ten opsigte van, elke magistraatsdistrik van die Gebied sitting op die eerste Woensdag van die maande Maart, Junie, September en Desember in elke jaar. Die bedoelde hof bestaan uit die magistraat van die distrik, wat voorsitter is, en twee lede wat die Administrateur skriftelik aanstel met 'n ampstermyn wat hy goedvind. Die lede van die lisensiehof (buiten diegene wat lede van die Staatsdiens is) ontvang toelaes wat die Administrateur bepaal: Met dien verstande dat 'n spesiale sitting van die lisensiehof na goeddunke van die betrokke magistraat te eniger tyd gehou kan word op skriftelike aansoek daarom by sodanige magistraat en by betaling van 'n boete soos voorgeskryf in sub-artikel (2) ten opsigte van 'n applikasie wat laat is: Met dien verstande voorts dat waar aansoek gedoen is om so 'n spesiale sitting ter verkryging van 'n nuwe lisensie ingevolge artikel *sestien* geen boete betaalbaar is nie.

(2) Applikasies om die uitreiking van lisensies, soos voormeld, moet op die voorgeskrewe vorms geskied en gerig word aan die betrokke magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar, in die geval van nuwe lisensies minstens een maand en, in die geval van hernuwings, minstens sewe dae voor die sitting van die lisensiehof waarby sodanige applikasie oorweeg moet word, en in die geval van 'n nuwe lisensie moet dit vergesel gaan van 'n deposito wat voldoende is om die onkoste te bestry van die koerantkennisgewing wat in sub-artikel (3) genoem word; sodanige onkoste moet deur die applikant gedra word: Met dien verstande dat applikasies om nuwe lisensies, wat laat is, tot op een-en-twintig dae voor sodanige sitting, en applikasies om hernuwings, wat laat is, tot op drie dae voor sodanige sitting aangeneem kan word by betaling van 'n boete wat die genoemde magistraat of ander behoorlik gemagtigde amptenaar kan bepaal, maar wat hoogstens soveel mag bedra as die jaarlikse lisensieregte wat ten opsigte daarvan betaalbaar is.

deemed to derogate from any ordinary right of search or inspection granted to any policeman by virtue of the provisions of any other law.”;

(b) by the deletion of sub-section (3).

2. This Ordinance shall be called the Shop Hours and Shop Assistants Further Amendment Ordinance, 1957.

No. 40 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the Licences Consolidation Ordinance, 1935.

(Assented to 13th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Licences Consolidation Ordinance, 1935 (Ordinance 13 of 1935), hereinafter called the principal Ordinance, is hereby amended by the substitution of the following section for section *nine*:—

Applications for trading licences to be considered by the Licensing Court.

9. (1) Subject to the provisions of sub-section (1) of section *ten*, a Court, hereinafter called a “Licensing Court” for the consideration of applications for or relating to the granting of any licence mentioned in Part 1 of the First Schedule to this Ordinance is hereby constituted and shall be held in and for each magisterial district of the Territory, on the first Wednesday in the months of March, June, September and December in each year. The said Court shall consist of the Magistrate of the district who shall be the Chairman, and two members appointed by the Administrator in writing for such period as he may deem fit. The members of the Licensing Court (other than those who are members of the public service) shall receive such allowances as may be determined by the Administrator: Provided that in the discretion of the Magistrate concerned a special sitting of the licensing Court may be held at any time on written application being made therefor to such Magistrate and on payment of a penalty as provided in sub-section (2) in respect of late applications: Provided further that where application is made for such special sitting in order to obtain a new licence in terms of section *sixteen* no penalty shall be charged.

(2) Applications for the granting of such licences as aforesaid shall be made on the prescribed form to the Magistrate or other duly authorised officer concerned, in the case of new licences at least one month and in the case of renewals at least seven days before the sitting of the Licensing Court at which such application is to be considered, and shall in the case of a new licence be accompanied by a deposit sufficient to cover the expenses connected with the newspaper notice mentioned in sub-section (3) which said expense shall be borne by the applicant: Provided that late applications for new licences may be accepted up to twenty-one days before such sitting and late applications for renewals up to three days before such sitting on payment of such penalty, not amounting to a sum greater than the annual licence duty payable in respect of the licence concerned, as the aforesaid Magistrate or other duly authorised officer may decide.

(3) By ontvangs van enige applikasie om 'n nuwe lisensie moet die betrokke magistraat of ander behoorlik gemagtigde amp-tenaar 'n kennisgewing laat aanplak op 'n opvallende plek by, of in, sy kantoor en in 'n koerant wat in sy distrik omloop laat publiseer waarin die naam van die applikant, die beskrywing van die perseel wat in die applikasie genoem word, die aard van die applikasie en die dag waarop, en die plek waar, die lisensiehof sal sit om sodanige applikasie te verhoor.

Sodanige kennisgewing moet minstens veertien dae voor die sitting van die genoemde hof aangeplak en gepubliseer word: Met dien verstande dat publikasie in die geval van laat kennisgewings tot op sewe dae voor sodanige sitting geldig is.

(4) As die applikant om 'n lisensie sterf of insolvent raak nadat hy applikasie om die toekenning daarvan gemaak het maar op of voor die dag waarop die lisensiehof so 'n applikasie moet oorweeg, kan die hof, na goeddunke, die applikasie goedkeur ten behoeve van die gade van 'n gestorwe applikant, of ten behoeve van die eksekuteur, *curator bonis*, of trustee, na gelang, van die boedel van so 'n applikant. Daarop geld die bepalinge van sub-artikel (1) van artikel vyftien ten opsigte van sodanige lisensie met die nodige veranderinge.

(5) Enige belanghebbende persoon kan skriftelik of persoonlik by enige sitting van 'n lisensiehof beswaar maak teen die goedkeuring van enige sodanige applikasie soos voormeld; en die hof moet so 'n beswaar behoorlik oorweeg.

(6) (a) Die lisensiehof kan na eie goeddunke besluit om enige lisensie waarom applikasie gemaak is, toe te ken, te weier of andersins daarmee handel, en in die geval van 'n algemene handelaarslisensie kan hy 'n beperkende lisensie toeken wat die bedryf wat uitgevoer moet word tot groothandeltransaksies beperk, of wat die soort besigheid wat gedryf moet word op enige ander wyse beperk, en by die oorweging en beslissing daarvan moet die hof die onderstaande in aanmerking neem:—

- (i) of die applikant allesins 'n gewenste persoon is om die lisensie te hou waarom applikasie gemaak is;
- (ii) die wyse waarop die applikant 'n gelisensieërde besigheid in die verlede gedryf het, en of sy boedel ooit gesekwestreer is;
- (iii) die geriewe ten opsigte van godsdiens, kultuur, gesondheid en residensie van die omgewing waarin die besigheid opperig gaan word;
- (iv) die geskiktheid van die perseel waarop die besigheid gedryf gaan word; en
- (v) in die geval van 'n venters-, marskrammers- of straatverkoperslisensie of die lisensie redelik nodig is vir die gerief van die publiek.

(b) Die lisensiehof kan na eie goeddunke verslae van die polisie, stadsingenieurs of mediese beamptes, of enige ander verslag, opvra en in oorweging neem wanneer hy besluit of dit wenslik is om so 'n applikasie goed te keur: Met dien verstande dat geen applikasie oorweeg mag word nie, tensy die gebou waarin die besigheid gedryf gaan word of die plan van die gebou, as die gebou nog nie opperig is nie, eers vooraf goedgekeur is, in die geval van 'n stedelike gebied deur die betrokke munisipale raad of die dorpsbestuurraad, na gelang, of in die geval van 'n plattelandse gebied deur die distriksgeneesheer.

(3) On receipt of any application for a new licence, the Magistrate or other duly authorised officer concerned shall cause a notice to be posted in some conspicuous place at or in his office, and to be published in a newspaper circulating in his district, containing the name of the applicant, the description of the premises referred to in the application, the nature of the application, and the day on which and the place where the licensing Court will sit for hearing such application.

Such notice shall be posted and published at least fourteen days before the sitting of the said Court, provided that, in the case of late notices, publication up to seven days before such sitting shall be lawful.

(4) In case the applicant for any licence shall die or shall become insolvent after applying for the grant of a licence, but on or before the day for considering such application by the licensing Court, such Court may, if it shall think fit, grant the application on behalf of the spouse of any deceased applicant, or to the executor, *curator bonis*, or trustee, as the case may be, of the estate of such applicant. Thereafter the provisions of sub-section (1) of section fifteen shall apply *mutatis mutandis* in respect of such licence.

(5) Any interested party may object in writing or personally at any meeting of the licensing Court to the granting of any such application as aforesaid; and such objection shall be duly considered by the Court.

(6) (a) The licensing Court may in its discretion decide to grant, refuse or otherwise deal with any licence applied for, and in the case of general dealers' licences may grant a restricted licence limiting the trade to be carried on to wholesale transactions or limiting, in any other manner, the class of business to be carried on, and in considering and arriving at any such decision it shall have regard to:—

- (i) whether the applicant is a fit and proper person to hold the licence applied for;
- (ii) The manner in which the applicant conducted a licensed business in the past and whether his estate was at any time sequestered;
- (iii) the religious, cultural, health and residential amenities of the neighbourhood where it is proposed to establish the business;
- (iv) the suitability of the premises where it is proposed to carry on the business; and
- (v) in the case of a hawker's, pedlar's or street vendor's licence whether the licence is reasonably required to meet the convenience of the public.

(b) The licensing Court may in its discretion call for and take into consideration police reports, town engineers' reports or medical officers' reports or any other report it may call for in regard to the desirability of granting such application. Provided that no application shall be considered unless the building where the business is to be carried on or the plan of the building if the building has not yet been built, has previously been approved in the case of an urban area by the Municipal Council or Village Management Board concerned, as the case may be, or in the case of a rural area by the district surgeon.

(c) Die lisensiehof kan 'n beëdigde verklaring van die applikant vereis in verband met enige van die aangeleenthede waarna daar in hierdie sub-artikel verwys word.

(d) Waar 'n bedryf op 'n bepaalde perseel uitgeoefen word of gaan word, moet die lisensie, as daar 'n lisensie uitgereik word, ten opsigte van daardie perseel toegeken word."

2. Hierdie Ordonnansie heet die Konsolidasiewysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1957.

No. 41 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Wet op paaie.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:

1. Artikel *ses-en-twintig* van die Ordonnansie op Paaie 1953, (Ordonnansie 17 van 1953), hieronder die hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig —

(a) deur die woord „aan” waar dit vir die tweede keer in die paragraaf na paragraaf (c) van sub-artikel (1) voorkom te skrap; en

(b) deur die komma na die woord „Paaie” waar dit in die paragraaf na paragraaf (c) van sub-artikel (1) voorkom met die woorde „versoek om dit te doen” te vervang.

2. Artikel *een-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„41. Behoudens die bepalings van artikel *sewe-en-twintig* van die „Omheiningsproklamatie 1921” (Proklamasie 57 van 1921) en van hierdie Ordonnansie, kan enige eienaar, huurder of bewoner van grond 'n heining dwarsoor 'n publieke pad wat oor sodanige grond loop oprig: Met dien verstande dat waar die publieke pad 'n hoof-, groot- of distrikspad is, die Administrateur drie maande vooruit skriftelik in kennis gestel is deur die eienaar, huurder of bewoner van sodanige voorneme.”

3. Artikel *drie-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Met dien verstande dat die Administrateur die eienaar, huurder of bewoner wat sy plaas kamp of binnekampe daarop aanbring kan belet om 'n swaaiehek oor 'n hoof- of grootpad op te rig.”, aan die slot van sub-artikel (3) by te voeg.

4. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Enige eienaar van grond wat die bepalings van hierdie sub-artikel verontagsaam, is skuldig aan 'n oortreding.” aan die slot van sub-artikel (2) by te voeg.

5. Artikel *vier-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (c) met die volgende paragraaf te vervang:—

„(c) om gebruik te maak van enige voertuig wat met metaal loopbande of wiele toegerus is op 'n hoof-, groot- of distrikspad;”.

6. Artikel *vier-en-sestig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „van sub-artikel (1)” waar hulle vir die eerste keer in sub-artikel (2) voorkom te skrap.

7. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Paaie, 1957.

(c) The licensing Court may demand from the applicant a sworn declaration in connection with any of the matters to which reference is made in this sub-section.

(d) Where any trade is carried on or is to be carried on at certain premises, the licence if issued shall be granted in respect of such premises.”

2. This Ordinance shall be called the Licences Consolidation Amendment Ordinance, 1957.

No. 41 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the law relating to Roads.

(Assented to 13th June, 1957.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *twenty-six* of the Roads Ordinance 1953 (Ordinance 17 of 1953), hereinafter called the Principal Ordinance, is hereby amended by inserting the word “request” after the word “or” where it appears for the second time in the paragraph after paragraph “c” of sub-section (1).

2. Section *forty-one* of the Principal Ordinance is hereby replaced by the following Section.

“41. Subject to the provisions of section *twenty seven* of the Fencing Proclamation 1921 (Proclamation 57 of 1921) and this Ordinance any owner lessee or occupier of ground may erect a fence across a public road running over such ground: Provided that where the public road is a trunk, main or district road the Administrator is given three months written notice by the owner, lessee or occupier of such intention.

3. Section *forty-three* of the Principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following proviso at the end of sub-section 3. “provided that the Administrator may prohibit an owner, lessee or occupier, who wishes to fence his farm or to provide camps on such farm, to erect a swinggate across a trunk or main road.

4. Section *forty-six* of the principal Ordinance is hereby amended by the addition of the following words “any owner of ground who fails to carry out the provisions of this sub-section shall be guilty of an offence” at the end of sub-section (2).

5. Section *fifty-four* of the principal Ordinance is hereby amended by deleting paragraph (c) and substituting the following new paragraph:—

“(c) to make use of vehicles fitted with metal tracks or wheels on a trunk, main or district road;

6. Section *sixty-four* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the words “of sub-section (1)” where they appear for the first time in sub-section (2).

7. This Ordinance shall be called the Roads Amendment Ordinance 1957.

No. 42 van 1957.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die beheer van graan en graanprodukte.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN —

1. In hierdie Ordonnansie, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —

„Graanraad”, die raad kragtens artikel twee ingestel;

„produsent”, iemand wat mielies, koring of ander graansoorte in die Gebied produseer;

„graan”, mielies, koring of enige ander graansoort; en

„graanprodukt”, die produk verkry wanneer graan gemaal, gebreek of andersins verwerk word.

2. Die Administrateur stel by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* 'n Graanraad in wat die Administrateur met raad en daad bystaan by elke geleentheid, om doelmatige beheer betreffende produksie, bemerking en die in- en uitvoer van graan en graanprodukte uit te oefen.

3. (1) Die Graanraad bestaan uit die ondergenoemde persone, wat deur die Administrateur aangestel word:

- (i) 'n amptenaar van die Administrasie wat voorsitter van die raad is;
- (ii) vier lede wat die mielieboere van die Gebied verteenwoordig;
- (iii) een lid wat die koringboere van die Gebied verteenwoordig;
- (iv) een lid wat die handel van die Gebied verteenwoordig;
- (v) een lid wat die meulenaarsbedryf van die Gebied verteenwoordig;
- (vi) enige ander lid wat die Administrateur moontlik van tyd tot tyd aanstel.

(2) Die Administrateur stel ook 'n amptenaar van die Administrasie van Suidwes-Afrika as sekretaris van die Graanraad aan.

4. (1) Die lede van die Graanraad beklee hulle amp te vir die tydperke in die aanstellingsbrief vermeld, maar hoogstens vier jaar, en lede wie se ampstermyne verstryk het, kan weer aangestel word.

(2) 'n Lid van die Graanraad moet sy amp ontruim as hy —

- (a) insolvent word; of
- (b) skuldig bevind word aan 'n misdryf en veroordeel word tot gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete.

(3) Wanneer 'n lid van die Graanraad afwesig is of sy ampspligte nie kan uitvoer nie kan die Administrateur 'n ander en geskikte persoon aanstel om gedurende sodanige lid se afwesigheid of onvermoë in sy plek op te tree.

(4) Die Administrateur kan, na goedgeskiktheid, die ampstermy van enige lid van die Graanraad beëindig, waar sodanige lid sonder verlof van die Graanraad wegbly van twee agtereenvolgende vergaderings van die Graanraad, of om enige ander rede.

(5) 'n Toevallige vakature in die Graanraad word aangevul deur die aanstelling van 'n ander lid vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor, en presies soos, die vorige lid aangestel was.

(6) Aan lede van die Graanraad wat nie voltyds in diens van die Administrasie is nie, kan daardie besoldiging of toelaes betaal word wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal.

No. 42 of 1957.]

ORDINANCE

To provide for the control of grain and grain products.

(Assented to 13th June, 1957.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

“Grain Board” means the board established under section two;

“producer” means a person who produces maize, wheat or other kinds of grain in the Territory;

“grain” means maize, wheat or any other kind of grain; and

“grain product” means the product obtained when grain has been milled, ground, split or processed in any other way.

2. The Administrator shall by notice in the *Official Gazette* establish a Grain Board which shall on every occasion advise and assist the Administrator in exercising effective control over the production, marketing, import and export of grain and grain products.

3. (1) The Grain Board shall consist of the following persons, appointed by the Administrator —

- (i) an officer of the Administration who shall be chairman of the board;
- (ii) four members representing the maize farmers of the Territory;
- (iii) one member representing the wheat farmers of the Territory;
- (iv) one member representing trade in the Territory;
- (v) one member representing the milling trade in the Territory;
- (vi) any other member whom the Administrator may appoint from time to time.

(2) The Administrator shall also appoint an officer of the Administration of South West Africa as Secretary of the Grain Board.

4. (1) The members of the Grain Board shall hold office for the periods mentioned in their letters of appointment, but which shall not exceed four years, and members whose term of office has expired may be re-appointed.

(2) A member of the Grain Board shall vacate office if he —

- (a) becomes insolvent; or
- (b) is found guilty of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine.

(3) When a member of the Grain Board is absent from, or unable to perform his official duties the Administrator may appoint another, suitable, person to act in such member's stead during his absence or inability.

(4) The Administrator may in his discretion terminate the tenure of office of any member of the Grain Board if such member has been absent without leave from the Grain Board from two consecutive meetings of the Grain Board, or for any other reason.

(5) A casual vacancy on the Grain Board shall be filled by the appointment of another member for the unexpired portion of the period for which, and in exactly the same manner as, his predecessor was appointed.

(6) The members of the Grain Board who are not in the full-time employment of the Administration may be paid such remuneration or allowances as may be determined by the Administrator from time to time.

5. (1) Op enige vergadering van die Graanraad vorm die helfte van sy lede met inbegrip van die voorsitter 'n kworum.

(2) Die lede van die Graanraad kies 'n vise-voorsitter om voor te sit wanneer die voorsitter self nie kan optree nie.

(3) As nóg die voorsitter nóg die vise-voorsitter om enige rede 'n vergadering van die Graanraad nie kan bywoon nie, kan die lede iemand uit hul midde kies om as voorsitter van daardie vergadering op te tree.

(4) Elke beslissing op 'n vergadering van die Graanraad geskied by besluit met meerderheid van stemme van die teenwoordige lede en by staking van stemme om enige aangeleentheid het die voorsitter van die vergadering 'n beslissende stem bo en behalwe sy gewone stem.

6. (1) Die eerste vergadering van die Graanraad geskied op die tyd en plek wat die Administrateur daarvoor bepaal en alle daaropvolgende vergaderings geskied, behoudens die bepalings van sub-artikel (2) hiervan, op die tye en plekke wat die Graanraad bepaal.

(2) Die voorsitter van die Graanraad kan te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die Graanraad belê om gehou te word op 'n tyd en plek wat hy bepaal.

(3) Die Graanraad moet minstens twee keer in elke kalenderjaar vergader.

7. (1) Die Graanraad moet elke jaar so spoedig doenlik na die een-en-dertigste dag van Desember 'n jaarverslag aan die Administrateur voorlê oor sy werksaamhede in die voorafgaande jaar.

(2) Hou die Wetgewende Vergadering dan gewone sitting, lê die Administrateur die jaarverslag waarop sub-artikel (1) dui, binne dertig dae na die ontvangs daarvan in die Wetgewende Vergadering ter Tafel, of hou die Wetgewende Vergadering dan nie gewone sitting nie, lê die Administrateur die jaarverslag binne veertien dae na die aanvang van die eersvolgende gewone sitting ter Tafel.

8. Die Administrateur kan, op aanbeveling van die Graanraad, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* —

- (a) gedeeltes van die Gebied in streke opdeel en verskillende metodes van bemarking in die verskillende streke toepas, en kan die opdeling van enige streek herroep of die grense daarvan verander;
- (b) agente vir die Gebied of dele daarvan aanstel vir die koop en/of verwerking van graan en graanprodukte onderworpe aan voorwaardes wat hy bepaal;
- (c) die invoer van graan en graanprodukte in die Gebied en die uitvoer van graan en graanprodukte van uit die Gebied verbied en permitte uitreik of laat uitreik vir sodanige invoer en uitvoer;
- (d) voorskrifte stel aangaande —
 - (i) die grade, kwaliteitstandaarde en verpakkingsmetodes of die merk van graan en graanprodukte of houers daarvan, waarvolgens graan of graanprodukte verkoop of vir verkoop ingevoer mag word;
 - (ii) alle ander aangeleenthede in verband met die bemarking, distribusie of verwerking van graan en graanprodukte;
- (e) graan laat gradeer deur beamptes wat hy van tyd tot tyd benoem;
- (f) die verkoop of verwerking van graan aan of deur enige persoon buiten as 'n agent deur hom goedgekeur, verbied;
- (g) die pryse van graan en graanprodukte bepaal en enigiemand verbied om 'n hoeveelheid graan, graanprodukte of 'n klas of graad daarvan te verkry, te verkoop of van die hand te sit teen enige prys buiten die bepaalde;

5. (1) At any meeting of the Grain Board one half of its members including the chairman shall form a quorum.

(2) The members of the Grain Board shall elect a vice-chairman to act as chairman when the chairman is unable to preside.

(3) If for any reason neither the chairman nor the vice-chairman is able to attend a meeting of the Grain Board, the members may elect one of their number to preside at that meeting.

(4) All decisions at any meeting of the Grain Board shall be by resolution by majority vote of the members present thereat, and in the event of an equality of votes on any matter, the chairman presiding at the meeting shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

6. (1) The first meeting of the Grain Board shall be held at such time and place as the Administrator may determine, and all subsequent meetings shall, subject to the provisions of sub-section (2), be held at such times and places as the Grain Board may determine.

(2) The chairman of the Grain Board may at any time call a special meeting of the Grain Board to be held at such time and place as he may direct.

(3) The Grain Board shall meet at least twice in every calendar year.

7. (1) The Grain Board shall as soon as it is practicable after the thirty-first day of December in every year submit an annual report to the Administrator on its activities during the preceding year.

(2) The Administrator shall lay the report referred to in sub-section (1) on the Table of the Legislative Assembly within thirty days of receipt thereof, if the Legislative Assembly is then in ordinary session, or if the Assembly is not then in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ordinary session.

8. The Administrator may, on the Grain Board's recommendation, by notice in the *Official Gazette* —

- (a) divide parts of the Territory into areas and apply different methods of marketing in the different areas, and may cancel any division of an area or vary its limits;
- (b) appoint agents for the Territory, or for parts thereof, for the purchase and/or processing of grain and grain products subject to such conditions as he may determine;
- (c) prohibit the importation of grain and grain products into the Territory and the exportation of grain and grain products from the Territory, and issue permits or cause permits to be issued for such importation or exportation;
- (d) give directions in regard to —
 - (i) the grades, standards of quality and packing methods or the marking of grain and grain products or their containers, under which grain or grain products may be sold or imported for the purpose of sale;
 - (ii) any other matters in connection with the marketing, distribution or processing of grain and grain products;
- (e) cause grain to be graded by such officers as he may from time to time appoint;
- (f) prohibit the sale or processing of grain to, or by, any person other than an agent approved by him;
- (g) determine the prices of grain and grain products and prohibit any person from obtaining, selling or disposing of any quantity of grain, grain products or any class or grade thereof, at any price other than the determined price;

- (h) die aankoop, verkoop, gebruik of verwerking van graan of graanprodukte of enige klas of graad daarvan vir 'n ander doel as wat hy bepaal, verbied;
- (i) die agente aangestel kragtens paragraaf (b) van artikel *agt* magtig om, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, 'n heffing te vorder op graan of graanprodukte wat deur hulle aangekoop word, vir die doel om bedryfskapitaal aan te vul. Die heffing moet deur die agente aangewend word uitsluitlik ten voordeel van die graanbedryf in die Gebied en is onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur;
- (j) aan enige produsent subsidies betaal op graan wat deur sodanige produsent geproduseer is.

